higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG

NKR VLAK 4

(8021004)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD 3 UUR
PUNTE 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die beskuldigde het die geleentheid om die getuienis van 'n getuie aan te hoor.

1.2 Gewone hofure beteken 'n dag waarop 'n hof gewoonlik sit.

1.3 'n Persoon wat gearresteer word, moet ingelig word van sy of haar reg om aansoek te doen om borgtog.

1.4 Van 1935 tot 1990 was die doodstraf verpligtend vir moord in Suid-Afrika.

1.5 Mondelinge getuienis word gebruik om te verwys na die beste beskikbare getuienis.

1.6 Die strafproses word in vier fases ingedeel.

1.7 'n Private persoon mag sonder 'n lasbrief gearresteer word.

1.8 Om 'n verdagte persoon te arresteer, is deel van straf.

1.9 Die klerk van die hof mag skriftelik aansoek doen om 'n lasbrief vir arres.

1.10 Artikel 37 in die Grondwet skryf redelike beperkings voor op regsvoorskrifte van algemene toepassing.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woord/e in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

skending; *Habeas corpus; J15;* jurisdiksie; arres; eerste verskyning; vredesbeampte; uitlewer; J175; fundamentele regte; *ultra vires*

2.1 Die ... van mense vorm die inhoud van die Handves van Regte.

2.2 Die verbreking of verontagsaming van 'n wet of reg word 'n ... genoem

2.3 ... is die bevoegdheid om regspleging te administreer en wette in 'n spesifieke gebied toe te pas.

2.4 ... is die amptelike vorm om 'n persoon in 'n strafsaak te dagvaar.

2.5 'n Uitsonderlike regsmiddel uit die Engelse reg om die ontneming van persoonlike vryheid aan dringende geregtelike ondersoek te onderwerp, word ... genoem.

2.6 Optrede buite jou regsbevoegdhede word ... genoem.

2.7 Mens ... 'n persoon wanneer jy 'n verdagte oorhandig aan amptenare van die land waar hy of sy 'n misdaad gepleeg het.

Kopiereg voorbehou

2.8 Die ... dokument skets die aard van die beweerde misdaad deur die beskuldigde in die hof.

2.9 Om 'n beskuldigde voor die laer hof te bring, word ... genoem.

2.10 'n Lasbrief vir arres kan deur 'n ... uitgevoer word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Verhoorstadium	A	'n gearresteerde persoon moet so gou moontlik na arrestasie na die polisiestasie of 'n plek gebring word wat in die lasbrief genoem word.
3.2	Afwesigheid wees wangedrag	B	die beskuldigde is na die hof teruggebring om te sien of sy houding verander het
3.3	Motief	C	'n saak wat blyk waar te wees uit die feite wat by aanvanklike ondersoek aangebied is
3.4	Artikel 50 van die Strafproseswet	D	getuienis word uitgesluit aangesien dit staatsbelange kan benadeel
3.5	Verbeuring/Verbeurdverklaring	E	dit kan dalk nodig word om 'n beskuldigde wat hom of haar tydens sy of haar verhoor wangedra uit die hof te verwyder
3.6	*Pauline 1928*	F	die aflegging van vals getuienis nadat die persoon onder eed gesweer het om die waarheid te vertel
3.7	*Prima facie*	G	hersiening van 'n uitspraak of 'n vonnis deur 'n hoër hof as die hof wat die vonnis opgelê het
3.8	Staatsprivilegie	H	begin met die verhoor en eindig met die uitspraak van die hof
3.9	Appèl	I	opsegging van eiendomsreg van 'n objek as straf
3.10	Meineed	J	die bewuste of onbewuste rede waarom iets gedoen word
		K	toestemming om te appelleer
		L	beskuldigde moet teenwoordig wees tydens verhoor
		M	verset teen arrestasie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe die hof 'n oortreder onder die ouderdom van 18 jaar sal behandel. (7)

4.2 Verduidelik kortliks hoe 'n beskuldigde kruisondervra moet word. (5)

4.3 Verduidelik of dwang gebruik kan word om 'n beskuldigde se weerstand teen arrestasie te oorkom. (6)

4.4 Noem enige TWEE tipe voorregte/privilegies ('privileges'). (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae,

TWEE LEWENSLANGE VONNISSE VIR BRAEMAR-VERKRAGTE SE OOM

KWAZULU-NATAL - 'n Ses en twintigjarige man van Breamar het op 20 April 2018 in die Scottburgh Streekhof verskyn waar hy skuldig bevind is aan twee klagtes van verkragting en tot twee lewenslange tronkstraf gevonnis.

Die man se 11-jarige niggie het om 14:00 op 25 November 2016 uit haar huis verdwyn en eers die volgende oggend om 06:00 teruggekeer. Toe haar ma haar uitvra, het die meisie gesê sy het by haar oom se huis oorgeslaap. Die ma het vermoed dat iets nie pluis is nie en haar verder ondervra en toe agtergekom dat die kind seksueel deur haar oom aangerand is. 'n Mediese ondersoek by die hospitaal in Scottburgh het bevestig dat die kind inderdaad seksueel aangerand is. 'n Saak van verkragting is by die Sawoti SAPD geregistreer en vir ondersoek toegewys aan 'n speurder van die Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Oortredings. Die oom is dan ook gearresteer en na die hof vir verhoor gebring.

(Aangepas uit: *The SAPS Media, 27 April 2018]*

5.1 Bespreek of die streekhof die gepaste hof was waarin bogenoemde misdaad verhoor moes word. (2)

5.2 Verduidelik die akkusatoriese strafregstelsel. (5)

5.3 Bespreek die bevoegdhede van die hof van appèl in 'n appèlsaak teen 'n skuldigbevinding of van enige regsvraag wat voorbehou word. (6)

5.4 Identifiseer die tipe ware getuienis wat in die hof in hierdie saak gebruik kan word. (2)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae,

VALKE ARRESTEER VERDAGTE VIR DWELMS TER WAARDE VAN R5.2 MILJOEN

GAUTENG – Daar word verwag dat 'n 41-jarige verdagte Vrydag in die Roodepoort Landdroshof sal verskyn nadat hy deur die Suid-Afrikaanse Valke se Narkotika-toepassingsburo ('SANEB') gearresteer is weens besit van dwelms met 'n beraamde waarde van sowat R5.2 miljoen.

Die Valke was besig met 'n nieverwante ondersoek toe hulle sien hoe 'n verdagte vinnig uit 'n voertuig klim wat pas by die Florida Junction se parkeerruimte geparkeer het. Dieselfde verdagte het toe in 'n ander voertuig geklim en weggery.

Die lede van die Buro het onraad vermoed en die voertuig dadelik agtervolg en dit kort daarna onderskep. 'n Deursoeking van die voertuig het gelei tot die ontdekking van dwelms, waarskynlik heroïne, wat in kartondose was.

Die verdagte is onmiddellik gearresteer en albei voertuie is geskut vir verdere ondersoek. Die ondersoek duur voort.

(Aangepas uit: *The SAPS Media, 8* Maart *2018]*

6.1 Verduidelik die doel van 'n arres. (2)

6.2 Bespreek die bevoegdhede om 'n gearresteerde persoon te deursoek en die beslaglegging op enige artikels wat in sy/haar besit gevind word. (5)

6.3 6.3.1 Noem die artikel van die Grondwet wat verseker dat 'n beskuldigde die reg op 'n billike verhoor het. (1)

6.3.2 Noem DRIE privilegies wat 'n beskuldigde het tydens 'n billike verhoor. (3)

6.4 Bespreek die gearresteerde persoon se grondwetlike reg op borgtog. (4)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING B

VRAAG 7

7.1 Bespreek die VIER omstandighede ingevolge artikel 22 van die Strafproseswet ingevolge waarvan 'n polisiebeampte sonder 'n lasbrief mag deursoek en beslag lê. (8)

7.2 Verduidelik die VIER maniere waarop 'n persoon 'n privilegie kragtens artikel 197 van die Strafproseswet kan verloor. (8)

7.3 Verduidelik TWEE maniere waarop 'n strafsaak, wat in eerste instansie in 'n Hoë Hof aangehoor is, na die Hoogste Hof van Appèl geneem kan word. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou